

Hoe om 'n "groen" span te wees

Wees bewus van wat in die omgewing aangaan. Doen iets aan omgewingsbewaring.

? Stappe

1. Wat kan jule as span doen?

- Herwin papier, glas en blikkies. By die meeste skole of instansies is daar houters waarin materiaal geplaas kan word. Laat jou spanlede papier, glas en blikkies na 'n spanbyeenkoms bring.
- Tel rommel op. Besluit om tydens 'n spanbyeenkoms rommel te gaan optel. Laat elke spanlid 'n swartsak bring.
- Plant 'n boom. Reël vooraf met die skool of instansie. 'n Kwekery sal jou die inligting gee oor hoe om die boom te plant. 'n Baie goeie boom om te plant is 'n *Acacia Karroo* – soetdoringboom. Hierdie boom is bestand teen droogte, groei maklik en die geel blomme lok skoenlappers en voëls.
- Roei onkruid / indringer plante uit. Daar is baie organisasies wat betrokke is met onkruidbestryding. Julle kan selfs in sommige van die spanlede se tuine help.
- Julle span kan 'n dier in die dieretuin aanneem.
- Wees bewus van belangrike omgewingsdae en praat daaroor, byvoorbeeld
Wêreldag vir Water – 22 Maart;
Internasionale dag vir Biodiversiteit – 22 Mei;
Wêreldomgewingsdag – 5 Junie;
Erfenisdag - 24 September.
- Spandeer tyd in die natuur. Gaan stap. Kamp in die veld.
- Hou 'n omgewingsvriendelike spankamp.
- Probeer kode 6 " 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing" toepas in jou lewe.
- Trek groen aan of kleur jou hare groen om Erfenisdag te vier.



2. Wat kan elke spanlid by die huis doen?

- Stort eerder as bad.
- Gebruik gryswater (bad- en skottelgoedwater) om die tuin nat te gooi.
- Bespaar elektrisiteit. Skakel ligte af as daar nie 'n persoon in die vertrek is nie.
- Skakel toestelle wat nie gebruik word nie af, byvoorbeeld rekenaars en TV.
- Hou altyd plastieksakke in die katterbak van die kar. Moenie onnodig plastieksakke koop nie.
- Bespaar papier. Proeflees jou taak op die rekenaar en druk dan uit.
- Probeer rommel beperk.
- Sorteër julle rommel in aparte asblikke, byvoorbeeld glas, papier, ensovoorts.
- Drink meer water en minder koeldrank.



- Kook net die aantal water wat jy benodig wanneer jy koffie of tee maak.
- Laat jou stem hoor oor omgewingsake. Teken petisies wat daarop gemik is om die omgewing te bewaar. Meld besoedeling aan.
- Ondersteun organisasies wat betrokke is by natuurbewaring.
- Maak jou familie bewus van omgewingsbewaring.

Wenke

1. Baie mense praat groen, maar min mense doen groen. Maak jou Voortrekkerspan 'n "groen"-span wat iets doen.
2. Kry 'n spreker vir Erfenisdag wat oor die omgewing praat.
3. Jou spanlede kan elkeen ook 'n plantjie plant, byvoorbeeld kruie om 'n spesifieke omgewingsdag te vier.
4. Jy kan tydens waterweek waterspeletjies speel om spanlede bewus te maak van besparing van water. Dit werk gewoonlik goed om vooraf statistiek te gee oor water, byvoorbeeld hoeveel mense daaglik aan besoedelde water sterf. Daar is verskillende waterspeletjies, byvoorbeeld:
Verdeel in twee groepe. Plaas twee bakke met water en appels 'n bepaalde afstand vanaf die groep. Spanlede staan agter mekaar. Elke spanlid moet na die bak water hardloop, kop in die water druk en 'n appel hap en terughardloop met die appel. Sodra die spanlid terug is, kan die volgende spanlid hardloop. Maak seker dat die spanne ewe veel lede in het. Kyk watter span is eerste klaar.

Waarskuwings

1. Beplan reeds aan die begin van die jaar wat julle as span gaan doen. Rêel dan vooraf met die skool of instansies waar nodig ook byvoorbeeld 'n spreker vir Erfenisdag. Indien daar nie vooraf beplan word nie, gaan die jaar verby sonder dat jou span iets daadwerklik doen.

Bronne

1. GOING GREEN 365 Ways to Change our World – Simon Gear